Die Huisgesin van God
7 Mei 2006, Ds Freddie Schoeman

Geloof is nie wat jy dink nie.

Joh 10:10

Jesus het mense geword en tussen ons kom woon, om te wat?

Die lewe in oorvloed - wat is dit / wat behels dit? Dit het absoluut niks te make met geld, rykdom, voorspoed, sukses of selfs gesondheid nie. Dit het absoluut niks te make met wat mense normaalweg as "geluk", of 'n "gelukkige lewe" beskou nie.

Ek het dit al vantevore gesê en ek wil dit weer sê: 'n lewe in oorvloed kan ons saamvat in drie woorde: liefde, vreugde vrede.

Wat moet ons doen om so 'n lewe te leef? Wat moet ons doen om 'n lewe van liefde en vreugde en vrede te leef?

- Deur vreeslik godsdienstig te wees? Nee.
- Deur 'n groot geldelike bydrae vir die kerk te gee? Nee.
- Deur jouself af te sloof vir die kerk? Nee.

Ek kan dit saamvat in een woord: verhoudings. Geloof is nie wat jy dink nie. Geloof is verhoudings. Ons moet verhoudings doen. Die essensie van die christelike geloof is nie

- Wette / reël en regulasies
- geloofsbelydenisse
- leringe

Nie: *Ek glo in God die Vader, die Almagtige ....*

Die essensie van die christelike geloof is *verhoudings*. Ons leef saam met God in 'n lewende, groeiende, ontwikkelende, dinamiese verhouding. God is nie die *objek* van ons geloof nie. Geloof beteken nie om God dáár staan te maak en dan te sê wat ek oor Hom glo nie. Ons kry mense wat al die regte goed oor God glo, maar nie gelowig is nie (want: geloof is nie wat jy dink nie.)

Die vraag is eintlik: wat is my *verhouding* met Hom? Het ek Hom lief - glo ek dat Hy my liefhet? Praat ek elke dag met Hom? Luister ek elke dag na Hom? Bring ek tyd saam met Hom deur?

As ons 'n lewe van liefde, vreugde en vrede wil leef moet ons in 'n lewende verhouding met God leef. Maar daar is ook 'n tweede verhouding wat baie belangrik is. En dit is ons verhouding met mekaar as mede-gelowiges. God plaas ons doelbewus in hierdie verhouding - omdat Hy weet dat dit belangrik is. Hy gee ons vir mekaar en Hy maak ons deel van mekaar. Ons is nie meer vreemdelinge en bywoners nie - maar lede van die huisgesin van God.

Dit is hierdie verhouding waarop Jesus die klem laat val in Johannes 13.

Jesus sê: Ek was julle voete - julle moet dit ook doen. Julle moet mekaar se diensknegte wees - soos Ek julle dienskneg is. Julle moet mekaar liefhê - soos Ek julle liefhet.
Wat beteken "soos Ek"?

Wat behels ons verhouding met mekaar? Daar is vyf aspekte - en ons gaan die volgende vyf weke aan hierdie vyf aspekte aandag gee.

---ooo---000---ooo---

Die eerste aspek: die basis / fondament waarop ons verhouding met mekaar gebaseer is - GENADE.

God stort sy genade oor ons uit in die vorm van onvoorwaardelike liefde. Jesus kom demonstreer hierdie liefde deur sy dissipels se voete te was. En nou sê Jesus: Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. Die basis van ons verhouding met mekaar - die vertrekpunt, die uitgangspunt - is presies dit: onvoorwaardelike liefde vir mekaar.

Dit beteken dat ons mekaar sal aanvaar sonder voorwaarde. Dit beteken dat ons mekaar sal verdra, geduld met mekaar sal hê, sag met mekaar sal werk, deernis vir mekaar sal hê.

Dit beteken veral dat ons mekaar sal VERGEWE

---ooo---000---ooo---

In die tweede plek: die konteks waarbinne ons verhouding met mekaar funksioneer - GEMEENSKAP

Deel van 'n huisgesin - mekaar se broers en susters. Ons is mekaar se familie - ons is 'n familie grootte gemeente. God gee ons vir mekaar

sodat ons ook as hulpbronne - bronne van hulp - vir mekaar sal dien. Ons moet mekaar VERSORG.

Wyke / Blokke

Bediening: helpmekaar

---ooo---000---ooo---

Die derde plek: die kern waarom ons verhouding met mekaar wentel - GEBED

Dit klink dalk 'n bietjie snaaks om te sê die kern van ons verhouding met *mekaar* is gebed. Is gebed dan nie private een-tot-een gesprek met *God* nie? Nee, gebed is nie *net* dit nie! 'n Kern aspek van ons gebedslewe is gesamentlike aanbidding - in 'n erediens. Sonder gesamentlik aanbidding in 'n erediens is ons persoonlike gebedslewe arm en leeg.

Daar is 'n konstante wisselwerking. [DB Life together] Die een kan nie sonder die ander nie. Die een voed en verryk die ander.

Ons VERSTERK mekaar wanneer ons saam kom om God te aanbid.

---ooo---000---ooo---

In die vierde plek: die potensiaal wat daar in ons verhouding met mekaar opgesluit lê - GEESTELIKE GROEI.

Die Here het, toe Hy ons geskep het, 'n klomp potensiaal in ons ingebou - in die vorm van vermoëns, gawes, talente ens. - meer as wat ons dink of droom! Maar hierdie gawes en talente moet op die een of ander manier tot uitting kom - daarom plaas die Here ons in 'n liefdesgemeenskap - daarom gee die Here ons as gelowiges vir mekaar - sodat ons mekaar kan uitdaag, sodat ons die beste in mekaar kan uithaal. (Heb 10:23 - spoor mekaar aan tot liefde en goeie werke).

Viole

Ons moet mekaar se lewens VERRYK deur mekaar uit te daag om daardie spesiale mengsel van gawes en talente en vermoëns wat ons uniek maak te gebruik.

---ooo---000---ooo---

In die vyfde plek: die doel waarop ons verhouding met mekaar gemik is: GEHOORSAAMHEID.

Die Here het vir ons elkeen 'n plek en 'n taak in die gemeente.

Ef 4 *Hy is immers die hoof, [16] en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ’n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*

1 Kor 12

Ons het mekaar nodig. Ons kan nie sonder mekaar klaarkom nie. As net een ledemaat van die liggaam nie daar is nie of nie op sy/haar plek plek is nie - dan is daar 'n swakplek, 'n leemte en kan ons nie so effektief as gemeente wees as wat ons moet wees nie.

Daarom moet ons ons funksie binne die liggaam VERVUL.

---ooo---000---ooo---

Op die ou en moet ons 'n keuse as gemeente maak: wat is vir ons belangrik? Wat dryf ons, wat motiveer ons? Geld, geboue, getalle ... of : verhoudings. Wil ons 'n verhoudingskerk wees wat waardes soos genade, gemeenskap, gebed, geestelik groei en gehoorsaamheid nastreef, of wil ons 'n kerk wees wat rondom geboue en geld en getalle gebou word?